menlo-insig

Insig 20/2025 - 31 Julie 2025

Boodskap van die hoof

Vandag kyk ons met dankbaarheid terug na week 1 van kwartaal 3. Vele hoogtepunte!
Hier volg 'n paar:

- Tres Scholarum - ons koor en orkes gaan groot!
- Netbal SA's o. 19 - ons dogters is SA-wenners!
- Ons revue skop af (Kaleidoskoop) in die Staatsteater!

Ons kyk ook met verwagting na die naweek se gebeure:

- Hokkietoernooie.
- Netbal SA's: o. 14 & o. 17.
- Super 6 op Menlo-bodem.
- Rugby teen Monument (tuis).
- ATKV-Applous se gala-aand (koor) by Unisa.

Wat 'n voorreg om weekliks deel van hierdie gebalanseerde Menlo-mosaïek te mag wees!

Teksvers vir 2025

Jesaja 43: 18 & 19

Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

Teksvers vir die kwartaal

Psalm 127

1. 'n Pelgrimslied. Van Salomo.
As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. 2. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap. 5. Sulke mense het niks te vrees as hulle met die vyand in die stadspoort onderhandel nie.

MENLO-KOMMUNIKASIE

DATUMS

25 Augustus	Voorbereidende eksamen begin: graad 12
4 Augustus	Verrykingsakademie (Ouditorium, 19:00—20:00) Alle Parkies is welkom!
30 Augustus	**Menlofees**
3 Oktober	Matriekafskeid
	Skool sluit

ALGEMEEN

1. Menlobond vra 'n guns

Die Menlobond is op soek na foto's uit die skool se verlede en spesifiek van die skoolgeboue en –terrein uit die jare sestig en sewentig. Kontak me. Gisela Rolfes (menlobond@menlopark.co.za) indien u met hierdie projek behulpsaam kan wees.

2. Parkie-proppieprojek

Onthou asseblief om alle plastiekdoppies skool toe te stuur.

3. Menlo-ondersteunerstruie

Bestellings: sportsupplies@telkomsa.net

Prys: R850.

4. Menlo ma's wat bid

Ontmoet Donderdae om 07:30 in die koshuis se sitkamer.
Kontak: 082 579 4968.

5. Menlo pa's wat bid

Ontmoet elke tweede Vrydag om 06:00 in die Rugbyklubhuis.
Kontak: 082 457 6526 of 071 159 779.

'n Brokkie Menlo-geskiedenis

Die Menloparkers word in 1975 vir die eerste keer, volgens geboortedatums, in vier nuwe sporthuise ingedeel.

Die indeling is deesdae weliswaar nie meer volgens geboortedatums nie, maar die Parkies neem steeds as Atheners, Milete, Spartane en Trojane aan die huissportbyeenkoms deel.

Afrikaans: 100 jaar Het jy geweet?

Reling vs. Reëling

Reling is 'n tasbare voorwerp waaraan jy kan vat, soos relings rondom 'n balkon.

Reëling dui op 'n proses of handeling waar iets beplan word.

Ed-admin

Menlo-kode: 599649

Klik op u kind se profiel	• Learning & Behaviour: Inskrywings met betrekking tot u kind se gedrag. • Report Card • Attendance • Assessment • Communicate with staff: Kontakbesonderhede van u kind se onderwysers.
Calender	• Stem ooreen met die kalender in die Werkplan.
Documents: Parents	
Administrasie	• Uittekenprosedure
Akademie	• Toets- en eksamenrooster • Ekstra klasse: Wiskunde en FW
Finansies	• Menlo-rekeningbesonderhede • MySchool & Boost Procurement
Fotobestellings	
Insig	• Tariefkaart
Kleure en erekleure	• Dra van balkies • Prosedure vir die toekenning van kleure en erekleure
Kommunikasie	• Graadhoofde • Menlo-kommunikasiekanale • WhatsApp-kanale (voorlopig)
Menlo-ouers wat omgee	• Menlo-ouers wat bid
Omsendbriewe	
Parkieraadprojekte	• Parkieraad-planne: Proppieprojek
Perioderoosters	
Skooldrag, klerebank & sportwinkel	• Menlo-klerebank • Menlo-skooldrag • Menlo-sportwinkel
Sosiale kalender	• Prestigedinee & wynveiling

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

Menlo-musiek-akademie

Volg gerus die skakel vir meer inligting.

Wat doen ons?

Ons bied musieklesse op die skoolterrein (musieksentrum) aan.

Wie kan lesse neem?

- Enigiemand is welkom – van beginners tot gevorderde musici.
- Ons bied informele lesse, eksamenvoorbereiding en voorbereiding vir eisteddfods aan.

AKADEMIE

MENLOPARKERS MAAK SKOONSKIP BY SENIOR AFRIKAANS-OLIMPIADE: HUISTAAL

Die Hoërskool Menlopark spog vanjaar weer met ‘n nasionale wenner! Hartlik geluk aan die Afrikaansdepartement en die Parkies wat so wel ter tale is.

Nasionaal 1: Chenay de Jager

Top-20 (provinsiaal) en top-100 (nasionaal): Ciana Kruger, Clara Serfontein, Gerhard Mahne, Melike Spies, Erik Senekal, Skye Smit, Telani Janse van Rensburg, Rian Knoesen en Isabeau van Helsdingen.

Top-100 (provinsiaal): Luka Smit, Jasper Smit, David Kunzmann & Elzette Fouché.



Chenay | Ciana | Clara | Gerhard | Melike | Erik | Skye

Telani | Rian | Isabeau | Luka | Jasper | David | Elzette

AMFIGEBEURE

HOOGTEPUNT VAN DIE WEEK: MENEER HARTMAN VERJAAR

- Menloparkers is verlede kwartaal uitgedaag om hulle harte oop te maak om mnr. Hartman se verjaarsdag met ‘n aksie van GROOTgee te vier.
- Tehuise vir bejaardes wat in nood verkeer, is met behulp van GROOTfm geïdentifiseer en dit was ‘n voorreg om die resultaat van die Parkies se goedhartigheid vandeesweek, op mnr. Hartman se verjaarsdag, aan Tannie Tienie, verteenwoordiger van sewe munisipale tehuise vir bejaardes, te oorhandig.
- Wat ‘n voorreg om te kan gee! Baie dankie aan elke Parkie wat sy en haar deel gedoen het om die winterkoue met warm harte te verdryf.

KULTUUR

KOOR: TRES SCHOLARUM EN LAERSKOLEKOORFEES

- Die Tres Scholarum-konsert, saam met Hoërskool Garsfontein en Hoërskool Waterkloof, was oudergewoonte 'n viering van musiek en talent. Volg gerus die **skakel** om saam te luister.
- Die Menlo-koor het die verhoog verlede naweek met Laerskool Menlopark, Laerskool Lynnwood, Laerskool Anton van Wouw, Laerskool Tygerpoort, Laerskool Constantiapark en Laerskool Garsfontein gedeel vir 'n aand van ongelooflike koormusiek.
- Die Menlo-koor neem Saterdag, 2 Augustus aan die nasionale finaal van die ATKV-koorkompetisie deel. Die skool staan bankvas agter hierdie musikale Menloparkers! #menlotrots

Baie dankie aan elke koor– en orkeslid asook die koor– en orkesbestuur vir hulle toewyding.

MUSIEK-AKADEMIE

UITSLAE

Quanita de Jager
- Con Spirito Kitaar A++ (Itemwenner)

Zelia Küsel
- AKV-Kunsfees Houtblasers A++ (x2) & A+

Jeanne-Marie van Brummelen
- SASMT Johannesburg Festival for the Advancement of Music: Ontvang die Yvette Elliot-trofee vir opera.

MENLO-MUSIKANTE MENG MUSIEK

Die Musiek-akademie het verlede naweek 'n klankwerkswinkel gehou om leerders in die kuns van klankingenieurswese op te lei. Die werkswinkel is onder leiding van mnr. Leon van der Berg (hoof van die musiek-akademie) aangebied. Mnr. Tops de Jager het ook ingespring om die manne touwys te maak en te oordeel aan die foto is hierdie musiekmengers gereed vir aksie.

SPORT

NETBAL: MENLO SE EERSTES IS SA SE BESTE

Die Hoërskool Menlopark se o. 19A-span dra vanjaar die kroon as die land se beste span. Die seisoen het nie sonder turbulensie verloop nie, maar hierdie span het nooit van koers afgewyk nie. Hartlik geluk! Hierdie prestasie is voorwaar 'n inspirasie.

Akademiehoof	Me. Eleanor du Toit
Afrigter	Mnr. Manny Ferreira
Spanbestuurder	Me. Hanlie de Jongh
Spanlede	Minette Boshoff (K), Lua Neeb, Lisa van Vuuren, Mila Stander, Karmien Schoeman, Lente Kroukamp, Gabby Smith, Abby van Zijl, Jeanie van Biljon & Mavilde Ferreira.

Die pad na die finaal het soos volg verloop:

Kwarteindstryd	Menlo vs. Framesby	30-15
Halfeindstryd	Menlo vs. La Rochelle	26-15
Eindstryd	Menlo vs. Paarl Gimnasium	21-20

Mila

Lua

Jeanie

Lente

Mavilde

Gabby

Minette

Karmien

Lisa

Abby

SPORTNUUS (VERVOLG)

GHOLF: PARKIE-PRESTASIES GEDURENDE DIE VAKANSIE

GNGU FOUNDATION	**BRONKHORSTSPRUIT (3 JULIE 2025)**
Nicolas Hollander	Wenner: A-afdeling
Dehan van der Merwe	Wenner: B-afdeling
GAUTENG-NOORD JUNIOR MATCHPLAY CHAMPIONSHIP (6 JULIE 2025)	
Heino Oellermann	Wenner: A-afdeling
Dehan van der Merwe	Wenner: B-afdeling
GNGU FOUNDATION	**PRETORIA COUNTRY KLUB (14 JULIE 2025)**
Morné Heymans	Tweede: A-afdeling
GNGU FOUNDATION	**WINGATE PARK (15 JULIE 2025)**
Christoff Posthumus	Tweede: A-afdeling 2de plek
GNGU FOUNDATION	**CENTURION (21 JULIE 2025)**
Morné Heymans	Wenner: A-afdeling en ‘n kolhou op die agtste putjie

NOMADS INLAND NOOM (15 JULIE 2025)	
Schalk van Ettinger	Vierde
NEDBANK JUNIOR CHALLENGE	
Schalk van Ettinger	Wenner
SA DOGTERSHOËRSKOLEKAMPIOENSKAP	
Amilia Coetzee	Vierde
SA NOMADS DOGTERSTOERNOOI	
Amilia Coetzee	Sesde
Lyla Hattingh	Sewende

Dear Mnr. Hartman

I have just returned from umpiring Menlopark's cricket team, ably led by Juan, at Stowe School on the opening day of their England 2025 cricket tour.

I umpire men's Premier League cricket in the Worcestershire County League, in addition to women's senior County cricket, boys U18 County cricket and school cricket.

It gives me great pleasure to tell you that rarely have I encountered such a delightful team of young cricketers! I cannot commend them highly enough. All the boys were keen to greet us with handshakes before the game and introduce themselves and this set the tone for the match.

They conducted their cricket in a highly competent fashion and won the game easily. Their manners and Spirit of Cricket were exceptional, but beyond that, they were a lot of fun to be around.

These young men are a great credit to your school and South African cricket. I wish them very well on the rest of their tour and in their future endeavours
With very best wishes

Dr Clare Gardner
MB ChB (Edin)
Umpire

KRIEKET: OOS WES TUIS BES

O. 14A TOER NA UPLANDS KOLLEGE

MENLOPARK O. 14 A VS. HELPMEKAAR O. 15 A

Menlo	250 almal uit	(Logan Roode 93)
Helpmekaar	407/4	(Rudo Rheeders 2/23)

Wedstryd eindig onbeslis.

MENLOPARK O. 14 A VS. POTCH GIMNASIUM O. 15 A

Menlo	142 almal uit	(Reinhardt Spamers 34)
Gimmies	143/4	

Gimmies wen met 6 paaltjies.

MENLOPARK O. 14 A VS. JEPPE O. 15 A

Jeppe	129 almal uit	(LJ Jansen van Rensburg 5/7)
Menlo	121 almal uit	(Rudo Rheeders 36)

Jeppe wen met 8 lopies.

MENLOPARK O. 14 A VS. KEMPTON PARK O. 15 A

Kempton	126/4	
Menlo	130/6	(Rudo Rheeders 44)

Menlo wen met 4 paaltjies.

MENLOPARK O. 14 B VS. DINAMIKA O. 14 A

Menlo	162/6	(Nicholas le Roux 40, Matthew Field 27)
Dinamika	91 almal uit	(Nicholas le Roux 3/1)

Menlo wen met 71 lopies.

O. 14B TOER NA PENRYN KOLLEGE

MENLOPARK O. 14 B VS. ST DUNSTANS O. 14 A

Menlo	199/8	(Kian Beukman 49, Tiaan van Wyk 33)
St Dunstans	149/5	(Ryan Roos 2/18)

Menlo wen met 50 lopies.

MENLOPARK O. 14 B VS. ROB FERREIRA O. 14 A

Rob Ferreira	104 almal uit	(CW Frohlich 3/17)
Menlo	105/3	(Neil Heyns 32*)

Menlo wen met 7 paaltjies.

MENLOPARK O. 14 B VS. RANDBURG O. 14 B

Randburg 14B	53 almal uit	(Tiaan van Wyk 3/6)
Menlo	54/1	(CW Frolich 32*)

Menlo wen met 9 paaltjies.

MENLOPARK O. 14 B VS. REDHILL O. 14 A

Menlo	131/9	(Ryan Roos 25, Tiaan v Wyk 24)
Redhill	94/8	(Nicholas le Roux 2/8)

Menlo wen met 37 lopies.

MENLOPARK O. 14 B VS. RANDBURG O. 14 B

Randburg	28 almal uit	(Erich Esterhuyzen 4/8)
Menlo	29/1	(Erich Esterhuyzen 12*)

Menlo wen met 9 paaltjies.

MENLOPARK O. 14 B VS. ST DUNSTANS O. 14 A

St Dunstans	142/7	(Fourie van der Merwe 1/16)
Menlo	143/1	(Tiaan van Wyk 76*, Erich Esterhuyzen 35)

Menlo wen met 9 paaltjies.

SENIOR TOER NA TZANEEN

MENLOPARK VS. KLERKSDORP

Menlo	376/10	(Jean Beneke 90, Joshua Smit 83)
KHS	74 almal uit	(Joshua Smit 3/10)

Menlo wen met 302 lopies.

MENLOPARK VS. HOOGENHOUT

Hoogenhout	72 almal uit	(Wihan Spanneberg 4/13)
Menlo	73/1	(Jaimi Coertse 38)

Menlo wen met 9 paaltjies.

MENLOPARK VS. NELSPRUIT

Menlo	245 almal uit	(Arno van der Walt 39)
Nelspruit	69 almal uit	(Kian Muller 5/21)

Menlo wen met 176 lopies.

MENLOPARK VS. HTS WITBANK

Menlo	226 almal uit	(Owen Louwies 97)
HTS Witbank	63 almal uit	(Joshua Smit 3/13, Thomas de Wit 3/14)

Menlo wen met 163 lopies.

MENLOPARK VS. BEN VORSTER

Ben Vorster	171/5	(Joshua Smit 3/37)
Menlo	173/5	(Joshua Smit 54)

Menlo wen met 5 paaltjies.

ENGELANDTOER

MENLOPARK SENIORS 1 VS. STOWE SCHOOL

Menlo	131/3	(Matt van der Westhuizen 62*)
Stowe	133/1	

Stowe wen met 9 paaltjies.

MENLOPARK SENIORS 1 VS. MUMBAI CRICKET ASSOCIATION

Mumbai	150/3	
Menlo	154/3	(Jan-Willem Pienaar 59*)

Menlo wen met 7 paaltjies.

MENLOPARK O. 15'S VS. BICESTER KRIEKETKLUB

Menlo	239/7	(Ruan Nieman 133)
Bicester	87 almal uit	(Victor Wentzel 5/12)

Menlo wen met 152 lopies.

MENLOPARK-KOMBINASIESPAN VS. TRENT COLLEGE 2DE XI

Trent	252/6	(Ben Schomper 2/41, Neil Claassen 2/16)
Menlo	177 almal uit	(Keagan Hills 77)

Trent wen met 75 lopies.

MENLOPARK SENIORS 1 VS. TRENT COLLEGE 1STE XI

Menlo	236/4	(Monré Koekemoer 104*)
Trent	223 almal uit	(Matt van der Westhuizen 3/40)

Menlo wen met 13 lopies.

MENLOPARK SENIORS 2 VS. FOREST SCHOOL 2DE XI

Menlo	369/4	(André Kruyshaar 114, Ben Schomper 104)
Forest	178/9	

Menlo wen met 191 lopies.

MENLOPARK SENIORS 1 VS. FOREST SCHOOL 1STE XI

Forest	98 almal uit	(Tiaan Serfontein 6/16)
Menlo	99/4	

Menlo wen met 6 paaltjies.

MENLOPARK O. 15'S VS. DERBYSHIRE O. 15

Menlo	194 almal uit	(Reinhard Langenhoven 59)
Derbyshire	195/4	

Derbyshire wen met 6 paaltjies.

MENLOPARK SENIORS 2 VS. DERBYSHIRE O. 16

Derbyshire	274/6	
Menlo	275/8	

Menlo wen met 2 paaltjies.

MENLOPARK SENIORS 1 VS. DERBYSHIRE O. 18

Derbyshire	275 almal uit	(Verster Richter 3/36, Jovan Hartman 2/26)
Menlo	75 almal uit	

Derbyshire wen met 200 lopies.

MENLOPARK SENIORS 1 VS. DULWICH CRICKET ACADEMY

Dulwich	73 almal uit	(Matt van der Westhuizen 5/15)
Menlo	77/1	(Jan-Willem Pienaar 36*, James Bronkhorst 25*)

Menlo wen met 9 paaltjies.

PRESTASIE BUITE SKOOLVERBAND

LEERDER	AKTIWITEIT	PRESTASIE
Monja du Plooy	Toneel	Vertolk die hoofrol van Dorothy in The Wizard of Oz-produksie wat van 7– 17 Augustus in die Fairtree Atterbury Teater op die planke sal wees.

MENLO-BORGE: BAIE DANKIE

OBARO

SAFARI OUTDOOR

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK

EXCELSA PETAMUS

SEDERT 1963

ANTHEM OF HOPE

MENLO REVUE

12, 13, 15 & 16 AUGUSTUS

SKOOLSAAL

18:30 VIR 19:00

R100 PER PERSOON SLEGS KAARTBETALINGS

KAARTJIEVERKOPE - I1

KAARTJIES SAL OOK BY DIE DEURE VERKOOP WORD

Sien jou daar!

ONDERSTEUN ONS PARKIE-ENTREPRENEURS

MARKPLEIN

LYNNWOOD PADEL
WAAR ELKE HOU TEL

KOM SPEEL PADEL BY **LYNNWOOD PADEL PARK**
EN ONDERSTEUN TERSELFDERTYD DIE SKOOL!
ELKE HOU MAAK 'N VERSKIL.

Bespreek vandag nog jou baan!

BESPREEK HIER

EXCELSA PETAMUS
MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK



INSIG-REKLAME

Wil u graag in die Insig adverteer?

Volg die skakel vir meer inligting.